# News release from GTC

## GTC sluit strategiese ooreenkoms met Ben Niemand en Kie.

***Vennootskap beteken meer opsies vir kliënte en langlewendheid vir besigheid***

11 Augustus 2016

GTC, een van Suid-Afrika se voorste finansiëledienste-maatskappye vir die afgelope 25 jaar, is trots om sy strategiese vennootskap met Ben Niemand en Kie. aan te kondig.

Ben Niemand en Kie. is ’n gevestigde finansiëledienste onderneming in Kuruman met meer as 42 jaar se ervaring as finansiële tussengangers. Die vennootskap sal Ben Niemand en Kie. se bestaande kliënte toegang gee tot GTC se wye reeks produkte, dienste en wêreldgehalte stelsels.

GTC, voorheen bekend as Grant Thornton Capital, is ’n gediversifiseerde finansiëledienste-maatskappy wat sake doen in aftreefonds-administrasie en –konsultasie; welvaartbestuur vir private kliënte; gesondheidsorgkonsultasie; korttermyn-risiko oplossings; beleggingsbestuur; batebestuur en ander fidusiêre dienste. Die maatskappy het meer as 100 werknemers gebaseer in nasionale kantore in Johannesburg, Kaapstad en Durban.

“Ons is verheug om met ’n vennoot van Ben Niemand en Kie. se kaliber te integreer. Die besigheid het ’n trotste geskiedenis van diens aan ’n lojale en groeiende kliëntegroep in Kuruman. Ons glo die toevoeging van hul dienste tot ons besigheid verteenwoordig ’n belangrike stap op ons groeipad soos ons poog om uit te brei deur organiese groei en verkrygings,” sê Gary Mockler, Groep- Uitvoerende Hoof van GTC.

Ben Niemand en Kie. sal hul bestaande kantore en personeel behou, terwyl kliënte toegang sal hê tot GTC se beduidende stel produkte en dienste.

“Ná deeglike konsultasie met talle rolspelers het ons besluit om ons bedrywighede met GTC te integreer. Ons glo ons kliënte sal baat vind by verbeterde stelsels en prosesse, meer keuses wat betref produkte en dienste, sowel as langlewendheid vir die besigheid,” sê Japie Niemand, Senior Konsultant in Welvaartbestuur en Risiko-oplossings by Ben Niemand en Kie. “Ons sien uit daarna om saam met GTC te werk in ’n opwindende ontwikkeling vir ons besigheid.”

Einde (281 woorde)

**Notas aan redakteurs**

**Issued by Lianne Osterberger, Owner, StratComms Advisory Services**
On behalf of: GTC Holdings
Lianne Osterberger 083 272 7313 / lianne@stratcomms.co.za

**Vanessa Partington**
**Head – Marketing and Media**
GTC Holdings
T +27 (0)10 597 6800 | M +27 (0) 82 858 0314
vpartington@gtc.co.za

**Rakende GTC Holdings**

GTC, voorheen bekend as Grant Thornton Capital, is 'n goed gevestigde en voorste finansiele-adviseursmaatskappy, wat in 1991 tot stand gekom het vanuit die Grant Thornton Johannesburg outditpraktyk, wat self deel is van Grant Thornton International. Die Johannesburg praktyk het in 1920 tot stand gekom.

Teen die einde van 2012 was GTC verplig om te skei van die ouditpraktyk as gevolg van verskeie internasionale regulasies wat vereis het dat batebestuursdienste geskei word vanaf enige besigheid gekoppel aan Grant Thornton.

Dit het gelei tot die besigheid se naamsverandering vanaf Grant Thornton Capital na GTC. Gary Mockler, die stigter van GTC, bly die uitvoerende hoof en 'n vername aandeelhouer. Die assosiasie tussen GTC en Grant Thornton bestaan steeds binne die perke gestel deur internasionale regulasie.

GTC word nasionaal verteenwoordig met kantore in Johannesburg, Kaapstad, Durban en Kuruman. GTC spesialiseer in die areas van aftreefondsadministrasie en –konsultasie, gesondheidsorgkonsultasie, welvaartbestuur vir private kliënte, korttermyn-risiko oplossings, beleggingsbestuur, aandeleverhandeling, verhandeling in afgeleide instrumente, fidusiêre dienste en ander areas van finansiele advies. GTC bedryf ook 'n effektetrustmaatskappy.

GTC is 'n adviseursbesigheid wat oor die nodige lisensies beskik, insluitende dié voorgeskryf deur die Wet op Finansiele Adviseurs, Tussengangers en Dienste.

Die groep het gesamentlik sowat 115 werknemers in vier kantore. Dit het bates onder bestuur en administrasie van sowat R32 miljard. Die besigheid bedien sowat 2500 private kliënte en sowat 85 000 deelnemende lede van aftreefondse deur middel van sowat 300 werknemerskemas, waarvan die meerderheid deur een van GTC se verskeie sambreelfondse gestruktureer is.